**5.2.010 <u>Kerkplein</u>** [Erfnommers 412, 411, 366 en 365 in 1880]

<u>Skets deur Dr. Hävernick – Kerkplein</u>



[1] [2] [3] [4] [5]

1. Eerste Goewermentsgebou
2. European Hotel
3. Akkerbome
4. Pretoria Hotel
5. Kaapse Handelsbank

Hierdie skets is in 1880 deur Dr. Hävernick gemaak en het verskyn in "Pretoria, 30 Years Ago, Xmas Number, 1905". Daar is geen biografiese besonderhede oor Dr. Hävernick beskikbaar nie [Bol-01, p. 34].

Aan die suidekant van Kerkplein sien ons die eerste Goewermentsgebou en die European Hotel, wat nou 'n dubbelverdieping geword het.

Kyk nou na die westekant van die plein. Die twee akkerbome, wat later 'n bekende landmerk sou word, is hier so pas geplant voor die eerste huis aan die linkerkant. Wie in die huis gewoon het is nie bekend nie.

Die middelste huis met die drie sipresbome voor was as poskantoor gebruik vanaf 1872 tot 1874 [Pr 74, p. 36], en toe vir 'n tyd lank as goewermentskantore. Later word dit 'n hotel en word 'n stoep voor die gebou aangebou.

Die Edinburg Hotel was 'n welbekende hotel in Pretoriusstraat, maar in 1877 [V 1877-05-30] is daar 'n advertensie in De Volksstem dat die eienaar dit wil verhuur. Dit word toe oorgeneem deur George Hippert wat dit in 'n losieshuis, die Traveller's Rest, omskep [V 1875-05-01; V 1875-11-06]. Die volgende jaar het die hotel na Kerkplein verskuif. Daar word berig [V 1878-04-16] dat 'n brand uitgebreek het in die Edinburg Hotel langs die Kaapse Handelsbank [op Kerkplein]. Dit lyk dus asof dit nou vanaf Pretoriusstraat na Kerkplein verskuif het. Deur die jare het die hotel telkens van eienaar verander; so ook het die naam verander.

Die Kaapse Handelsbank (Cape Commercial Bank) open op Maandag 22 September 1873 in 'n kamer van De Oude Klubgebou [V 73-09-26]. Dit was 'n gebou [die Austen-gebou] op die noord-westelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat, erf nommer 322. In Augustus 1874

word berig dat die bank vir ses maande die huis van die weduwee Struben gaan huur [V 74-08-15]; dit is seker toe die poskantoor na die Austen-huis verskuif het. In dieselfde artikel word ook berig dat Kaptein Van de Ven, van Potchefstroom, ‘n half-erf met ‘n gebou op by Von dem Hove gekoop het namens die Kaapse Handelsbank. Dit word beskryf as geleë op Kerkplein in die middel van die handelsentrum. Die gebou bevat, behalwe ruimte vir die bedryf van banksake, ook akkommodasie vir die bankklerk. Dit is die klein geboutjie met die deur en twee vensters heel regs in die tekening.

Die bank het skaars 10 jaar in Pretoria sake gedoen toe dit in 1883 gelikwideer is [V 1883-02-28].

Rosa Swanepoel

Bronne

Bol-01 Bolsmann, E. 2001. **Pretoria: artists' impressions 1857-2001.** Pretoria: Protea Boekhuis. [foto p. 34]

V = De Volksstem

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp1-011]